# Jou kleinding se eerste 1000 dae

F1RST 1000 days
Right Start. Bright Future

Daar is baie goed wat ouers kan doen om alles gereed te kry sodat hul babas kan leer. Onthou: 'n goeie opvoeding begin reeds voor geboorte! Die ongebore baba ontwikkel reeds die vermoë om te leer wanneer hulle in die baarmoeder is.



Die sleutel om 'n goeie leeromgewing te skep is om jou baba veilig en geliefd te laat voel, en om geestelike, emosionele en fisieke steun te bied.

Hier is 'n paar wenke van spesiale onderwyskenners:

- Moedig oogkontak aan en praat met jou kind oor alles wat jy sien
- Speel "waar's-hy-daar's-hy" (kiekeboe) en sing kinderrympies
- Laat die peuter toe om 'n veilige omgewing te verken – nuuskierigheid is 'n belangrike deel van leer
- Gee tyd en geleentheid vir vryspel
- Stel 'n daaglikse roetine op en wees konsekwent (altyd dieselfde)
- Borsvoed so lank as moontlik
- Maak seker jou kind se groot motoriese spiere kry baie oefening deur met hom/haar te speel
- Laat speeltyd met ander babas toe
- Glimlag, prys en gee jou kind elke dag 'n drukkie
- Raadpleeg 'n dokter as jou kind gereeld oorinfeksies of 'n loopneus kry
- Raadpleeg jou plaaslike kliniek of dokter as jy enige kommer oor jou kind se ontwikkeling het

Wes-Kaapse Regering
BETER TESAME.

# STAD SE PLAN REEDS SUKSES



**LANGPAD:** Die Stad wil hê mense moet veilig by hul destination aankom. **Foto: FOTO24**

MEER as 1 400 voertuie is al in operasie Exodus vir padwaardigheid ge-check.

Die mayco-lid vir veiligheid en sekuriteit, JP Smith, het daarop gewys dat die Stad elke jaar 'n veiligheidsplan oor die feestyd het.

Van die 1 402 is 1 014 voertuie as veilig verklaar.

Meer as 1 700 oortredings is by padversperrings in en om Kaapstad opgeteken.

Dit sluit in speeding en ander verkeersoortredings, ongelisensieerde bestuurders en geen vervoerlisensies nie.

Die metro cops het ook 21 verdagtes gearresteer vir die besit van drugs, dronkbestuur en bedrog.

Op 19 Desember is 'n 23-jarige man vasgetrek met 63 fake tickets vir die sokkerwedstryd tussen Kaizer Chiefs en Wits in die Kaapstad-stadion.

In Parkwood is tik, Mandrax, heroien en dagga in 'n systraat gekonfiskeer.

'n Polisiehond het toe die cherry op die koek gesit en nóg 60 sakkies Mandrax by 'n kragboks daar naby uitgesnuffel.


